

# Die sewende son: 'n Indiese volksverhaal uit Odisha

Indian Folktale

Afrikaans




African Storybook.org



Lank, lank gelede was daar sewe sonne in die lug.

Hierdie sonne se strale het die aarde baie warm gemaak. Die mensdom kon nie hierdie hitte hanteer nie.

Daar was sewe broers uit die Munda stam. Hulle het besluit om die sewe sonne dood te maak.

Die Munda broers het met hulle pyle na die sonne geskiet en het daarin geslaag om ses van sonne dood te maak.






Die sewende son het besluit dat ŉ heuwel ŉ goeie skuilplek is en daar weg gaan kruip.

Daar was oral donkerte, omdat daar geen son was wat kon lig gee nie.

Die bokke kon nie die tiere sien nie, die olifante het in die bome vasgeloop, die hase het oor die leeus geloop en almal was deurmekaar.





Al die diere het ŉ vergadering gehou om te besluit op watter manier hierdie probleem reggemaak kan word.


Die haas het vir die diere vertel van die son wat agter die heuwel wegkruip.

Wie sou die beste dier wees om die son te gaan roep?

"Ek sal die son gaan roep," sê Leeu, omdat hy die koning van die oerwoud is.

"Son, son moet asseblief nie van ons af weghardloop nie. Kom agter die heuwel uit en skyn op ons," brul Leeu.

Maar die son wou nie na Leeu luister nie.






Olifant het volgende probeer om die son te roep.

Olifant lig sy slurp in die lug en trompetter: "Son, son, kom asseblief terug," maar die son wou ook nie na hom luister nie.

Die pragtige pou het gedans en gepleit: "Son, son, kom asseblief terug," maar die son het steeds geweier om uit te kom.

Een na die ander het al die diere die son geroep, maar die son het nie na niemand geluister nie.

Uiteiendelik het ŉ haan aangebied om die son te roep. Almal het vir hom gelag. Die leeu was ŉ redelike goeie leier en het gesê: "Die haan mag nie toegelaat word om te probeer nie."





Die haan het vorentoe gestap en saggies gekraai: "Koekoedekoe - koe."

Almal was verbaas want die son het klein bietjie agter die heuwel uitgeloer.

Die haan het weer gekraai. Hierdie keer was hy ŉ bietjie dapper "KoekoedeKOE-KOE..."


Die son het bietjie hoër opgekom. Vir die derder keer het die haan gekraai. Hierdier keer was hy harder en meer dapper: "KOEKOEDEKOE-KOE..." en toe kom die son hoog en helder uit.

Daar was oral lig.

Die diere was baie bly en die mense het verlig gevoel.









Die diere het vir die mense gevra omdie son nie dood te maak nie en die mense het saamgestem.

Van daardie dag af, wanneer die haan in die oggend kraai, kom die son op en skyn in die lug.

# Die sewende son: ŉ Indiese volksverhaal uit Odisha

Writer: Indian Folktale
Illustration: Pratham Books
Translated By: Elizabeth Buys
Language: Afrikaans

© Pratham Books, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

PRATHAM BOOKS
A Book in Every Child's Hand

Pratham Books is a not-for profit organisation that publishes books in multiple Indian languages to promote reading among children. See: www.prathambooks.org.

Saide
South African Institute for Distance Education

www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative